

## “Binne ’n halfuur het ek wit geword”: Snypte van gender, ras en klas in Suid-Afrikaanse fiksionele uitbeeldings van voorkoms

Jessica Murray  
Departement Engels  
Universiteit van Suid-Afrika

---

### Summary

“Binne ’n halfuur het ek wit geword” (Within half an hour I became white):  
Intersections of gender, race and class in South African fictional  
representations of appearance

*This article explores how intersections of gender, race and class shape the evaluation of women’s appearance in selected South African works of fiction. These texts are Pat Stamatélos’s Kroes (2005), E.K.M. Dido’s ’n Stringetjie blou krale (2000), Zoë Wicomb’s You can’t get lost in Cape Town (1987), Playing in the light (2006) and The one that got away (2008), Rayda Jacobs’s My father’s orchid (2006) and Kopano Matlwa’s Coconut (2007). The novels and short stories that are analysed reveal the extent to which the different authors regard aspects of appearance, such as hair texture, skin colour and facial features, as determining the material circumstances of the female characters’ lives. In the process they construct a landscape that contains marked similarities to South African society. Gender, race and class can, however, never be regarded as wholly separate constructions. These axes are intricately interwoven and must be considered together in any attempt to understand standards of appearance. By means of a literary analysis within the framework of feminist theories about the intersections of gender, race and class, the article investigates the types of pressure that are exerted on female characters in terms of their appearance. The article illustrates that female characters often invest a great deal of time and effort in their appearance. However, it emerges that power relations in a racist and patriarchal society strongly encourage women to conform to Eurocentric standards of beauty. The article suggests that women are not engaging in trivialities when they attempt to change their appearance. On the contrary, the experiences of the characters demonstrate that this may be the only way in which women are able to exercise a limited amount of power in a context where they are oppressed – due to the intersections of gender, race and class.*

*The values of colonial racism have left deep scars on the evaluation of beauty in the South African context and these racist aesthetic legacies have only been exacerbated by apartheid. Scholars focusing on gender challenge the assumption that beauty is either universal or constant. On the contrary, the notion of a Platonic “Ideal Woman” who represents some unassailable standard of female beauty has been exposed as a myth that is informed by Eurocentric assumptions (Wolf 1991). South African researchers perceptively argue that these assumptions about appearance are so deeply entrenched in local cultural discourses that a light complexion and straight hair continue to be regarded as markers of beauty (Erasmus 1997, De Villiers 2003).*

*In the section titled “Facial features, hair and power” the article explores how selected texts represent the importance that is attached to having “good hair”, which tends to be defined as long and straight. The opposite of “good hair” is hair that is short and frizzy, and having this latter kind of hair is regarded by characters as a kind of disability. These texts expose the extent to which real social power accrues to women with “good hair” since they live in societies where women’s life chances are profoundly shaped by their adherence to Eurocentric standards of appearance. The construction of beauty can never be separated from gender and power relations. Wolf (1991) argues that a system of male dominance is perpetuated by determining women’s value in a vertical hierarchy according to physical yardsticks of appearance. In this system, women are placed in the unnatural position of having to vie for resources that men have claimed as their own.*

*In the South African society of the 1960s that is depicted in Stamatélos’s *Kroes*, social, political and economic power were heavily concentrated in the hands of white men. Women’s appearance can constitute a vital asset in the process of accessing some of this power, and the text reveals that they can sometimes accomplish this only through their association with white men. This association, in turn, depends on their ability to approximate the Eurocentric bench mark of beauty that the male characters seem to favour. Throughout the texts that are analysed in this section, one can identify a recurring tendency to associate beauty with whiteness. Brown female characters are shown to go to great lengths, and often endure significant pain, to render their hair as straight as possible. Despite the effort, time, expense and pain, changing the appearance of one’s hair is still more feasible than changing the colour of one’s skin, which explains why these women spend such seemingly disproportionate amounts of resources on their hair. All these efforts, however, can always only be temporary, since hair that is frizzy will keep returning to its natural state. Women are thus forced to remain in a constant state of vigilance and to be ever alert to the texture of their hair.*

*In the section titled “Stigma and shame” the article explores how these pressures affect women’s understanding of themselves and their places in society. The texts that are analysed show how characters with “good hair” flaunt this asset, while those with frizzy hair go about their straightening efforts with a profound sense of shame. The failure to conform to Eurocentric ideals of “good hair” carries a stigma. In his seminal work on shame and stigma Goffman (1963) illustrates how stigmatised people suffer from discrimination in a variety of forms and how the discriminatory attitudes of others can drastically curtail the life chances of individuals. The experiences of the female characters in the texts bear out Goffman’s findings as the reader witnesses the shame and the secrecy that surround women’s negotiations with their hair texture. The phenomenon of shame has significant gender dimensions as women appear to experience the disempowering consequences of shame more extensively than men (Bartky 1990). Indeed, in the texts under discussion the female characters’ concern about their hair texture often contrasts sharply with the nonchalance of male characters in this regard.*

*While women’s appearance can function as a mechanism for social advancement it can also be used as a point of reference against which their existing class position can be determined. The section titled “Appearance and class” demonstrates how characters associate “niceness” with light skin and “good hair”, where “niceness” serves as a euphemism for a middle-class status. Other euphemisms for an acceptable class position, such as decency and respectability, also crop up in the texts. Regardless of the exact terminology, however, such a status is repeatedly linked to appearing white. In Stamatélos’s text the narrator, Pattie, is as explicit about this as equating her stepmother’s dark skin with being common and vulgar. Mona’s dark skin and, more importantly, the symbolic currency attached to this skin colour, makes it impossible for her to stay with Pattie in an area that is designated for white people under South Africa’s now defunct Group Areas Act. Yet Pattie’s ability to conform to Eurocentric standards of appearance enables her to stay in this area with the white man who is her fiancé.*

*This article exposes the enormity of the pressures that women, particularly brown women, endure when it comes to regulating and altering their appearance. These pressures are traced back to the racist legacies of colonialism and apartheid and how these legacies continue to shape constructions of beauty and the evaluation of appearance. Throughout the article it emerges that it would be a gross oversimplification to ascribe brown women's beauty regimes, particularly the process of straightening their hair, to a desire to be white. The women who are represented in these texts often have very little room to manoeuvre and the ability to change their appearance can at least offer them some possibility for changing their life chances for the better. In order to understand the complexity of women's negotiations with Eurocentric standards of appearance the article has considered how female characters are located at the intersections of gender, race and class and how the resultant relations of power inform all their decisions and options.*

**Keywords:** beauty, appearance, hair, Pat Stamatélos, E.K.M. Dido, Zoë Wicomb, gender, race, class

## Opsomming

Hierdie artikel ondersoek hoe snypunte van gender, ras en klas die beoordeling van vroue se voorkoms in uitgesoekte Suid-Afrikaanse fiksionele tekste beïnvloed. Hierdie tekste is Pat Stamatélos se *Kroes* (2005), E.K.M. Dido se *'n Stringetjie blou krale* (2000), Zoë Wicomb se *You can't get lost in Cape Town* (1987), *Playing in the light* (2006) en *The one that got away* (2008), Rayda Jacobs se *My father's orchid* (2006) en Kopano Matlwa se *Coconut* (2007). Die romans en kortverhale wat in hierdie artikel aan bod kom, laat blyk die mate waarin die onderskeie skrywers aspekte van voorkoms, soos haartekstuur, velskakering en gelaatstrekke, as bepalend in die lewens van die vroulike hoofkarakters beskou. In die proses konstrueer hulle 'n landskap wat herkenbare ooreenkomste met die Suid-Afrikaanse samelewing vertoon. Gender, ras en klas kan egter nooit as afsonderlike konstruksies beskou word nie. Hierdie aslyne is nou met mekaar verweef en moet dus gesamentlik in ag geneem word in enige poging om voorkomsstandaarde te verstaan. Met behulp van 'n letterkundige ontleding van die tekste binne die raamwerk van feministiese teorieë oor die snypunte van gender, ras en klas ondersoek die artikel die verskillende soorte druk wat op vroulike karakters uitgeoefen word in terme van hulle voorkoms. Alhoewel die artikel illustreer dat vroulike karakters dikwels heelwat tyd en moeite wy aan hulle voorkoms, blyk dit dat die magsverhoudinge in 'n rassistiese en patriargale samelewing sterk druk op vroue uitoefen om te voldoen aan Eurosentriese standaarde van skoonheid. Die artikel stel verder voor dat vroue nie besig is met onbenullighede wanneer hulle probeer om veranderinge aan hulle voorkoms aan te bring nie. Intendeel, die ervarings van die karakters wys dat dit dikwels die enigste manier is waarop vroue 'n beperkte hoeveelheid mag kan uitoefen binne 'n konteks waar hulle onderdruk word – as gevolg van die samevloeiing van gender, ras en klas.

**Trefwoorde:** skoonheid, voorkoms, hare, Pat Stamatélos, E.K.M. Dido, Zoë Wicomb, gender, ras, klas

---

## 1. Inleiding

Erasmus (1997:12) voer aan dat die voorkoms van hare 'n belangrike kwessie bly in bruin gemeenskappe in Suid-Afrika, en dat die beoordeling van hare afhang van 'n

komplekse politieke dinamika waarop idees oor gender, ras en klas inspeel. Hierdie artikel ontleed konstruksies van skoonheid, met spesifieke klem op hare, velskakering en gelaatstrekke, in Pat Stamatélos se *Kroes* (2005), E.K.M. Dido se *'n Stringetjie blou krale* (2000), Zoë Wicomb se *You can't get lost in Cape Town* (1987), *Playing in the light* (2006) en *The one that got away* (2008), Rayda Jacobs se *My father's orchid* (2006) en Kopano Matlwa se *Coconut* (2007). Synnott (1987:381) verduidelik dat hare straks een van die invloedrykste simbole is van sowel individuele as groepsidentiteit. Dit is so invloedryk omdat dit liggaamlik en dus uiters persoonlik is. Alhoewel persoonlik, is dit ook deel van 'n individu se openbare persona. Die voorkoms van hare kan betreklik maklik verander word. Dit beteken dat hare 'n kragtige simbool kan wees van verskille tussen, en veranderinge in, individuele en groepsidentiteite (Synnott 1987:381). Dit is juis hierdie wisselbaarheid van hare waarna daar in die artikel se titel verwys word. Hierdie woorde word geuiter deur Pattie Peters, die verteller in Stamatélos se debuutroman *Kroes* (2005). Pattie verbind haar gedaanteverwisseling van bruin na wit meisie uitdruklik met die verandering in die voorkoms van haar hare. Haar vriendin, Lorrain, bied vir Pattie haar "ma se hair straightener" aan en nadat hulle die "stink goed" aan Pattie se hare smeer, merk Pattie op: "My hare is reguit, soos toutjies. Binne 'n halfuur het ek wit geword" (20-1). Alhoewel meer as twee dekades, asook die verandering van die politieke bestel in Suid-Afrika, die publikasie van Wicomb se eerste bundel kortverhale en haar meer onlangse *The one that got away* (2008) skei, illustreer hierdie artikel dat die uitbeelding van onder andere hare 'n teer punt in die lewens van bruin vroue bly. Met behulp van feministiese teorieë oor die snypunte van gender, ras en klas ondersoek die artikel waarom vroue steeds so sterk gemaan word om hulle "kroesies in die kas" te hou (Erasmus 1997:12).

Chapkis (1986:15) meen dat sowel mans as vroue vroeg reeds leer om die vleeslike liggaam te vrees en te verag. Mans oorkom hierdie probleem deur hulself te vereenselwig met die siel en die denke, terwyl vleeslikheid op vroue geprojekteer word. In die klassieke feministiese teks *The female eunuch* wys Greer (1999:293) dat vroue hierdie vrees en afsku probeer beteuel deur middel van streng maatreëls waardeur die liggaam beheer en gekonstrueer word. Sy bied as voorbeelde vroue se skynbaar eindelose pogings om die kleur en tekstuur van hul hare te verander. Die natuurlike voorkoms van die liggaam moet ten alle koste verdoesel word ten einde aanvaarding te verkry in 'n samelewing wat die denke vereer en die "verkeerde" tipe liggaam verafsku. Gouws (2006:2) verduidelik dat so 'n sienswyse beskryf kan word as *somatofobie*. In die geval van bruin vroue word die druk om die liggaam te beheer en te fabriseer, versterk deur die vervlegting van gender- en rassepolitiek.

Erasmus (1997:12) wys daarop dat rassitiese hierargieë en die waardes van koloniale rassisme diep letsels gelaat het op die beoordeling van skoonheid in die Suid-Afrikaanse konteks.

Hier is dit egter belangrik om in gedagte te hou dat definisies van sowel *kolonialisme* as *postkolonialisme* problematies is, veral met betrekking tot die Suid-Afrikaanse situasie (Viljoen 1996). Ashcroft, Griffiths and Tiffin (1995:2) waarsku dat teoretici *postkolonialisme* nie sonder meer kan definieer as die tydperk ná kolonialisme of onafhanklikheid nie. So 'n benadering sou die mate waarin postkoloniale samelewings steeds gebuk gaan onder óf openlike óf meer subtiele vorme van neokoloniale onderdrukking, ignoreer. Verdere kompleksiteit kenmerk die Suid-Afrikaanse situasie omdat talle wit Afrikaanssprekendes voel dat hulle voorheen onder Britse bewind gekoloniseer was. Hulle beskou gevolglik die Republiekwording in 1961 as die aanbreek van die postkoloniale era (Viljoen 1996:4; Worden 1994:87-8; Carusi 1990:96). Vir vele Suid-Afrikaners was die apartheidsstelsel egter ook 'n vorm van koloniale oorheersing. Volgens Viljoen (1996:174), "breek die einde van die koloniale fase in Suid-

Afrika eers met die eerste demokratiese verkiesing in 1994 aan.” Die romans wat in hierdie artikel aan bod kom, speel meestal af gedurende hierdie tweede koloniale tydperk waarna Viljoen verwys, wat strek vanaf 1961 tot 1994. Alhoewel ’n roman soos *Coconut* (2007) van Kopano Matlwa ná 1994 afspeel, worstel die karakters steeds met die oorblyfsels van koloniale denkwyses en magsverhoudinge (Abrahamsen 2003:195), veral met betrekking tot idees oor voorkoms.

Wolf (1991:12) meen dat die aanname dat skoonheid universeel en onveranderlik is, eintlik ’n mite is: die aanname dat die Platoniese “Ideale Vrou” die standaard vir vroulike skoonheid stel, is ’n Eurosentriese veronderstelling. Soos Erasmus (1997:12) tereg aanvoer, is hierdie aannames egter so diep gesetel in plaaslike kulturele diskoerse dat daar steeds ’n neiging is om ’n ligte vel en reguit hare as mooi te beskou. De Villiers (2003:172) verduidelik dit as volg: “Fisieke aspekte soos liggaamsbou, haarkleur en -tekstuur, velkleur, vorm van die neus, ensovoorts – juis die aspekte waarop die apartheidsideologie gebaseer is – was goed en mooi as dit soos, of byna soos, dié van die wit mens was.” Hunter (2002:178) herinner ons dat identiteit altyd relasioneel is. Gevolglik kan diegene wat as “mooi” gedefinieer word, slegs as mooi beskou word in verhouding tot diegene wat as “lelik” gedefinieer word.

Volgens Hill Collins (1991:89) vorm die relasionaliteit van identiteit ook idees oor skoonheid deurdat die skoonheidsnorme wat “witheid” ophemel, slegs kan funksioneer deur “swartheid” te af te kraak. Die simboliese krag van hare lei daartoe dat hare met ’n sekere voorkoms kan dien as “an encapsulation of the degradation of blackness” (Dash 2006:28).

Uit die teksontleding wat in die res van die artikel volg, sal dit duidelik blyk dat dit bykans onmoontlik is om die bespreking van hare, huidskakering en gelaatstrekke netjies te skei, aangesien hulle meermale saamgegroepeer word in die romans.

## 2. Gelaatstrekke, hare en mag

Die mate waarin reguit hare swaarder weeg as enige ander liggaamlike eienskap, duik telkens op in Suid-Afrikaanse romans. In Rayda Jacobs se *My father's orchid* (2006) vra die hoofkarakter Hüd vir sy neef, Joe, hoe ’n nuwe kennis lyk. Hüd is in 1977 gebore en die eerste sewentien jaar van sy verhaal speel dus af gedurende Suid-Afrika se tweede koloniale tydperk. Joe antwoord slegs dat die meisie, Pearl, lang hare het (38). Jacobs plaas ekstra klem op die belang van hierdie beskrywing deur die frase “long hair” in ’n eie sin te herhaal. Hüd verstaan tog te goed wat Joe bedoel met sy antwoord en hy dink dat dit kan beteken dat Pearl lelik of dom is, maar dat dit alles oorskadu word deur haar “hair that could lift up and sway in the wind” (38).

Ook in Matlwa se roman *Coconut* (2007) onthul die verteller, Ofilwe, se beskrywing van ’n skoolmaat hoe “mooi” hare negatiewe karaktereienskappe onbelangrik laat lyk. Ofilwe beskryf die meisie, Kate, as “spoilt and haughty”, asook “rude and foul-mouthed”, met ’n “podgy face and swollen ankles” (1). Ten spyte hiervan meld Ofilwe: “But with that hair, Kate was glorious” (1). Almal in die skool was “dazzled” deur die “radiance” van Kate se “soft hair, curled slightly at its ends” (1).

In Wicomb se kortverhaal “Friends and Goffels” (2008:101–6), is die verteller eksplisiet oor die sosiale mag van reguit hare wanneer sy sê: “Everyone knew the indexes of worth amongst coloureds, knew the acceptable combinations of facial features, and that good hair would always override the other disabilities” (103). “Good hair” is die



teenoorgestelde van “short frizzy hair”. Dit is, met ander woorde, lank en reguit. Die “disabilities” waarna die verteller hier verwys, is ’n donker velkleur, “frizzy” hare, ’n plat neus en prominente wangbene. Alhoewel hierdie gelaatstrekke duidelik nie letterlike gestremdheid behels nie, onthul die tekste wat ek ontleed hoe dit inderdaad beskou kan word as ’n sosiale gestremdheid in ’n samelewing waar vroue se lewensopsies steeds in ’n beduidende mate bepaal word deur hulle ooreenstemming met Eurosentriese standaarde van skoonheid.

Volgens Wolf (1991:12) kan die konstruksie van skoonheid nooit geskei word van gender-magsverhoudinge nie. Sy beskryf dit as ’n sisteem van aannames wat manlike oorheersing in stand hou deur aan vroue waarde toe te skryf in ’n vertikale hiërargie volgens ’n liggaamlike standaard wat deur spesifieke kulturele magte gestalte verkry. Dit is ’n uitdrukking van magsverhoudinge wat vroue aanmoedig om op ’n onnatuurlike wyse mee te ding om hulpbronne wat mans vir hulself toegeëien het (Wolf 1991:12).

Stamatélos se roman (2005) speel af in Suid-Afrika in die 1960’s, ongetwyfeld ’n konteks waarin sosiale, politieke en ekonomiese mag aan wit mans behoort het. Vroue kon dikwels toegang tot sulke mag verkry slegs deur verbintenisse met wit mans. Die gesprekke tussen Pattie en Lorrain wys dan ook hoe ’n voorkoms wat voldoen aan die Eurosentriese standaard van skoonheid ’n bruin vrou in ’n posisie kan plaas waar sy toegang tot wit mans, en die sosio-ekonomiese hulpbronne wat hulle besit, kan kry. Pattie beskryf Lorrain as “beeldskoon” met haar “[l]ang reguit hare”. Sy beskou Lorrain as “alles wat [sy] wil wees” en sy sluit haar beskrywing van haar vriendin af met die kort en kragtige sin: “En sy lyk wit” (19). Lorrain help Pattie om haar hare reguit te maak sodat sy haar kan vergesel na ’n afspraak met ’n groep wit kinders. Lorrain vertel dat sy “’n oulike wit outjie losgeslaan” het en Pattie is “nie verbaas dat mense dink Lorrain is wit nie” (20). Selfs nadat Lorrain se verhouding met hierdie “wit outjie” op die rotse beland, troos sy haarself met die oortuiging dat, “as sy goed genoeg is vir een wit man, is sy goed genoeg vir ’n ander” (28).

Ook in *My father’s orchid* (Jacobs 2006) leer Hüd hoe ’n wit voorkoms, of die gebrek daaraan, kan bepaal watter opsies ’n vrou het in terme van verhoudings. Hüd se ouma verduidelik hoekom sy ma nie toegelaat is om met sy Moslem-pa te trou nie. Alhoewel die feit dat sy ma ’n Christen was, ’n rol gespeel het, is een van die ander redes wat aangevoer word: “Her hair wasn’t straight” (48). Die oordeel dat Avril nie goed genoeg was om met Hüd se pa te trou nie, het ’n daadwerklike impak op haar lewensomstandighede gehad. Sy moes die kind alleen grootmaak en is net in haar getroude minnaar se familiehuis toegelaat wanneer hy haar laat kom het om die plek skoon te maak.

In verskeie van die kortverhale in Wicomb se *You can’t get lost in Cape Town* (1987) wys die skrywer hoe witheid met skoonheid geassosieer word en hoe hierdie assosiasie vroue se verhoudingsopsies bepaal. Al die verhale in Wicomb se bundel speel af gedurende die apartheidsjare. In “Jan Klinkies” (11–20) verduidelik die verteller hoe hare inspeel op die magsdinamika in die huwelik van Truida en Jan. Die uitgebreide familie dink sleg van haar, want “Truida, in spite of her light skin, came from a dark-complexioned family and there was certainly something nylonish about her hair” (14). Die algemene opvatting in die gemeenskap is dat Truida die “struikelblok” van haar hare oorkom het en bo haar klas getrou het, terwyl Jan “regrettably married beneath him” (14). Truida moet heelwat geheime werk doen om haar hare in toom te hou en probeer verseker dat niemand weet van die “primus stove in the back room and the metal comb and the thick sweet smell of brilliantine welded to shafts of hair” (14) nie.

Ten spyte hiervan word sy veroordeel, want daar kan geen twyfel wees dat “the little hairs in the nape of the neck were rolled up tightly like fronds unfurled by the cautious hot comb”.

In “Home sweet home” (83–103) maak Wicomb die verband tussen reguit hare en lewensomstandighede selfs duideliker wanneer die verteller vir tannie Nettie as volg beskryf: “Not that she would ever lose sight of those attributes that lifted her out of the madam’s kitchen, the pale skin and smooth wavy hair than won her a teacher for a husband” (102).

Die bundel as ’n geheel suggereer dat die vooruitsigte vir ’n vrou wat nie voldoen aan die skoonheidsideaal nie, bra duister is, soos die verteller se moeder in “A trip to the Gifberge” (163–182) wonder oor haar dogter: “Poor child. What can a girl do without good looks? Who’ll marry you? We’ll have to put a peg on your nose” (164).

In Wicomb se roman *Playing in the light* (2006) is sowel die tekstuur van vroue se hare as die skakering van hul velle steeds ’n kwessie waarna die skrywer telkens terugkeer. Die verteller, Marion, beskryf ’n meisie as “a real beauty, fair with long hair” (94) asof die lang hare en ligte vel al bewys is wat nodig is om die skoonheid van die meisie te bevestig. Alhoewel hierdie roman in die “nuwe Suid-Afrika” afspeel (24), het Marion gedurende die era van apartheid grootgeword. Die teks illustreer dus hoe negatiewe karaktereienskappe, geassosieer met afwykings van die Eurosentriese skoonheidsstandaard, steeds ’n groot rol bly speel. Wanneer Marion se moeder, Helen, swanger is, is haar grootste vrees dat die “child’s hair would grow into a mass of frizzy curls; she would be slow to learn, mentally retarded” (125). Sy neem aan dat die moontlike kroeshare net die uiterlike manifestasie van intellektuele gebrekkigheid sal wees. Na Marion se geboorte blyk dit egter dat Helen se vrese ongegrond was, aangesien die kind ’n “pale skin and smooth hair” het. Dit is hierdie liggaamlike eienskappe wat dit moontlik maak vir Marion om groot te word as ’n “perfectly ordinary child who [c]ould take her whiteness, her privileges, for granted” (125). Witheid en ’n lewe van bevoorregting word hier uitdruklik verbind, maar toegang tot hierdie voorregte blyk uitsluitlik te wees vir diegene wat voldoen aan die liggaamlike norm van witheid.

Davis (2006:566) verduidelik die dinamika wat witheid, skoonheid en mag verbind soos volg: “Women of color are bombarded with cultural messages which not only link whiteness to feminine beauty, but, more importantly, to ‘gentility, female domesticity, protection from labor, the exacting standards of the elite, and Anglo-Saxon superiority’ (Peiss 1990:164) – in short, to power.” Soos in die geval van tannie Nettie is ’n ligte vel en reguit hare dus meer as net ’n merker van skoonheid. Dit word inderwaarheid ’n paspoort uit die “madam’s kitchen” (Wicomb 1987:102) en dus ’n buffer teen hande-arbeid.

In *Kroes* (Stamatélos 2005) raak Pattie self betrokke in ’n verhouding met ’n wit man van Griekse herkoms. Dit is hierdie verhouding wat haar laat besin oor die mate waarin “witheid” geassosieer word met sowel skoonheid as die geleentheid om haar sosio-ekonomiese omstandighede te verbeter. Wanneer haar verloofde, Laki, opmerk dat haar suster mooi is, wonder Pattie “of Dorie net vir hom pretty is omdat sy wit lyk” (137). Pattie en Laki se verhouding vervul dus in hierdie opsig ’n dubbele doel in die teks. Pattie se eie opvattinge oor Laki se voorkeure word gekleur deur haar ondervindinge in ’n samelewing wat gekenmerk word deur apartheid.

Die roman beeld egter verder uit dat hierdie tipe houding nie noodwendig beperk is tot Suid-Afrikaanse karakters in 'n "tweede koloniale" oftewel apartheidsmilieu nie. Wicomb se beskrywings in "A clearing in the bush" (1987:37-61) stel voor dat wit gelaatstrekke inderdaad beskou word as 'n voorvereiste vir skoonheid wanneer die verteller haar vriendin, Moira, as volg beskryf: "Moira is indisputably beautiful. The smooth skin. The delicately sculpted form. The sleek brown hair" (51). Pattie trek na dieselfde woonstelblok waar Laki bly, en wanneer haar suster, Kay, geskok opmerk dat dit "wit mense se flats" is en vra of Pattie nie bang is vir die "poelies" nie, erken Pattie dat sy daar kan bly omdat "die mense [daar] dink [sy] is wit" (116).

Pattie besef dat Kay addisionele moeite met haar voorkoms doen omdat sy weet Laki "se vriende is wit en as sy goed lyk, sal hy nie skaam wees vir haar nie" (Stamatélos 2005:180).

Volgens Fredrickson en Roberts (1997:178) is daar breedvoerige bewyse dat vroue se voorkoms 'n bepaalde rol kan speel in hulle ekonomiese en sosiale vooruitsigte en, as gevolg van hierdie werklikheid, "it behooves women to anticipate the repercussions of their physical appearance." Vroue word inderwaarheid hulle eie "first surveyors" (Fredrickson en Roberts 1997:178; sien ook die toonaangewende werk van Berger 1972 in hierdie verband). Kay antisipeer hoe Laki se wit vriende haar voorkoms sal beoordeel en sy ondergaan 'n "gedaanteverwisseling" (180) om te voldoen aan die vereistes wat sy aanneem hulle sal stel.

Fredrickson en Roberts (1997:178) voer aan dat die skoonheid egter vir sosiale en ekonomiese mag verruil kan word slegs as dit in die smaak val van die dominante kultuur, wat steeds wit en manlik is. Vir Kay is die begeerte om skaamte te minimaliseer en om haar lewensomstandighede te verbeter, nou ineengevleg. Haar voorkoms is al bate wat sy besit om hierdie drome te verwesenlik en sy pas haar voorkoms dus aan om te voldoen aan die smaak van Laki se wit vriende, want, soos Pattie, wil sy ook "wit wees, met 'n wit man aan haar sy" (180).

In Dido se roman *'n Stringetjie blou krale* (2000) tree die verwantskap tussen witheid en skoonheid ook sterk na vore. Die verteller, Nancy Karelse, dink haar ma was "die mooiste vrou wat [sy] al ooit gesien het" (26). Sy verduidelik dat die meeste vroue in hul laer "[v]erskillende kleure swart" was, maar haar ma "was anders. Sy was ligbruin" (26). Nancy beskou haarself as "gelukkig dat [sy] haar kleur en haar gelaatstrekke geërf het" (27). Alhoewel Nancy gebore is as 'n Xhosa met die naam Nomsa, maak haar ligte velkleur dit moontlik om hergeklassifiseer te word as 'n kleurling. Siena Hendriks neem die jong Nomsa na die Departement van Binnelandse Sake en oortuig die amptenaar dat sy en haar man die kind mag aanneem deur na haar te wys met die woorde: "baas kan self sien, sy's uitgeknipt Kleurling" (89).

Marais (2005:21) wys daarop dat liggaamlike voorkoms uiteraard 'n kritieke rol gespeel het in die prosesse waardeur bruin van wit, bruin van swart en swart van wit onderskei is. In 'n hoofstuk waarin hy die verwarrende aard van rassekategorieë bespreek, noem West (1988) dat 'n wit persoon gedefinieer is as iemand wie se voorkoms dit duidelik maak dat so 'n persoon wit is en dat hy of sy oor die algemeen nie beskou is as 'n kleurling nie.

In Nancy se nuwe lewe blyk dit egter dat die tekstuur van haar hare problematies is. Sy onthou dat haar hare "amper vir niks [nie] kroes geraak" het en dat sy omtrent net kon kyk na die "reën of mis of stoom [...] dan het dit weer dik en wollerig en gekoek geraak" (94).



In *Playing in the light* (Wicomb 2006) besef Marion dat die strewe na witheid 'n projek is wat heelwat werk en inspanning verg. Sy verduidelik: "Vigilance is everything; to achieve whiteness is to keep on your toes" (152).

In Nancy se geval (Dido 2000) sien die leser dat die strewe na hare wat voldoen aan die standaard van witheid soortgelyke inspanning vereis. Nancy onthou die uitgebreide werk van die moeder wat haar aangeneem het om te verseker dat Nancy "[p]ap, gladde, reguit hare" (93) kry. Nancy beskryf hoe haar moeder "eers 'n klip gebruik [het] en dit op die rooiwarm kole in die stoof gesit [het]". Nadat sy "die eerste trek met die klip oor [Nancy se] dik gesmeerde Vaseline-hare trek, het die klip uit die nat lap in haar hand gegly en [Nancy se] voorkop amper gaar gebrand" (93-4). Daarna het haar moeder "maar 'n eetvurk gebruik". Ten spyte van die moeite en pyn was Nancy "nog nooit so bly oor [haar] haartjies soos daai dag nie". Al wat belangrik was, was dat sy nou "[g]ladde krulle" gehad het en sy verlekter haar in die vreugde wat hierdie hare verskaf.

Hierdie beskrywing herinner sterk aan dié van die verteller Ofilwe in *Coconut* (Matlwa 2007). Ook hier sien die leser hoe 'n klein dogtertjie bereid is om vir ure stil te sit en fisieke pyn te verduur in 'n poging om reguit hare te kry. Ofilwe onthou hoe die haarkapster "Black Queen hair- straightener cream" aan haar hare smeer en die pynlike gevolge: "A chemical reaction. A painful exothermic chemical reaction. Burn. Burning. Burnt" (4). Wanneer die haarkapster egter vra of sy maar die room kan uitwas, weier Ofilwe, want "[she] wanted every last tiny weenie curl straight". Sy meld dat die gevoeligheid van haar kopvel haar nie gepla het nie en dat sy nie eers bekommerd was toe sy sien hoe die wit gedeeltes van haar haarwortels na die oppervlak van haar kopvel gekom het nie, want "[she] was just delighted to be beautiful again". Vir haar is dit die "silky soft and straight" (4) hare wat hierdie duur-verworwe skoonheid moontlik maak.

Ook in Wicomb (1987) se kortverhaal "When the train comes" (21-35) beskryf die verteller, Frieda, die "preparations" wat haar hare verg: "wet hair wrapped over large rollers to separate the strands, dried then swirled around my head, secured overnight with a nylon stocking, dressed with Vaseline to keep the strands smooth and straight" (26). Soos in die geval van Nancy, is die doelwit "gladde, reguit hare" (Dido 2000:93).

In "A trip to the Gifberge" (Wicomb 1987:163-82) onthou Frieda die maandelikse haarwassessies as "the terrible torments of the comb as [my mother] hacked with explorer's determination the path through the tangled undergrowth, set on the discovery of silken tresses" (164).

Nancy se moeder en Wicomb se verteller illustreer ook die angs wat hierdie strewe na "wit" hare tot gevolg het. Wanneer Frieda 'n man se "exuberant bush of fuzzy hair" (26) sien, gaan haar hand onwillekeurig na haar eie hare om te verseker dat haar voorbereidings voldoende was om enige "remaining tendency to curl" te stuit. Ook in Nancy se huis het haar moeder "dit 'n gewoonte gemaak om [Nancy se] hare gestryk te hou. Sodra dit begin kroes het, het sy dit gestryk" (94).

### 3. Stigma en skaamte

Alhoewel vroue, en selfs baie jong meisies, genoop voel om hulle hare reguit te hou, is daar terselfdertyd druk om hierdie haarpraktyke geheim te hou. Erasmus (2001:13) onthou dat in haar gemeenskap "practices such as curling or straightening one's hair carried a stigma of shame". Chapkis (1986:5) verduidelik dat "[d]espite the fact that

each woman knows her own belabored transformation from female to feminine is artificial, she harbours the secret conviction that it should be effortless". Die skoonheidspraktyke van vroue moet so sorgvuldig versteek word soos die "defekte" wat deur hierdie praktyke "reggestel" word (Chapkis 1986:6).

Die "telltale frizz" (Wicomb 2006:132) word beskou as 'n "give-away" (Wicomb 2008:69) wat ten alle koste verberg moet word. Wicomb se "Friends and Goffels" (2008:101-6) ondersoek die gevoel van skaamte wat gepaard gaan met die poging om hare aanvaarbaar te laat lyk. Meisies met lang, gladde hare, soos Myra, maak 'n punt daarvan om aandag na hulle hare te trek deur dit "vigorously" (105) rond te swaai. Vir hierdie meisies word dit 'n sosiale ruimte wat gereserveer is vir diegene wie se hare aan skoonheidsstandaarde voldoen: "The ones with smooth wavy hair swopped Alice bands and slides; they discussed the intricacies of rolling and swirling shafts of hair" (105). Vir meisies soos Julie en Dot, met hulle "short, ironed quills" (105), is dinge egter heelwat anders. In hulle geval is daar "neither combing, nor mirrors propped on the bench". Die gevoel van skaamte verhoed hulle selfs om te praat oor hare met vriendinne wie se hare soortgelyk is. Die verteller verduidelik dit as volg: "They didn't talk to each other about hair and never mentioned the visible evidence of a hot comb that occasionally, accidentally, singed an earlobe or left a tell-tale scar on the forehead" (105-6).

In die invloedryke werk oor stigma en skaamte, *Stigma: Notes on the management of spoiled identity* (1963), ontleed Goffman hoe stigma binne sosiale interaksies gevorm word en hoe dit van bepaalde diskoerse afhang. Volgens Goffman (1963:3) is stigma 'n "attribute that is deeply discrediting, but it should be seen that a language of relationships, not attributes, is really needed. An attribute that stigmatizes one type of possessor can confirm the usualness of another, and therefore is neither creditable nor discreditable as a thing in itself." Goffman (1963:5) wys hoe 'n gestigmatiseerde persoon onderwerp word aan diskriminasie in 'n verskeidenheid vorme en hoe sulke houdings die individu se lewenskans drasties kan beperk. Die daadwerklike impak van stigma op die individu se lewe lei daartoe dat so 'n persoon dikwels probeer om die toestand te "korrigeer" deur 'n aansienlike hoeveelheid tyd en energie aan die verbloeming van die sogenaamde gebrek te wy. Die skaamte wat met die stigma verbind word, beteken dan ook dat sulke individue hierdie "werk" meestal in die geheim doen. Soos in die geval van Julie en Dot hier bo, word hierdie aktiwiteite eenvoudig nooit genoem nie, ten spyte van die bewyse wat die warm borsel op die meisies se liggame laat. Dit word dus 'n openbare geheim.

Die vraag wat opduik, is wat die impak is van hierdie tipe druk op die individu se begrip van haarself is. Dit lyk asof sy gedompel word in 'n situasie waarin sy nie kan wen nie: sy moet skaam voel as haar hare nie voldoen aan die skoonheidsstandaard nie, en sy moet ook skaam wees oor die praktyke waarmee sy probeer om daaraan te voldoen. Sy het dus altyd alreeds misluk, omdat haar "skoonheid" moeiteloos moet wees (Chapkis 1986:5).

Davis (2006:575) meen ook dat "[s]hame is one of the most disempowering features of feminine experience". Dit is 'n diep-gesetelde vermoede by vroue dat hulle op een of ander wyse defektief is. Dit is hierdie gevoel wat bepaal hoe vroue oor hulle liggame voel, hoe hulle selfbeeld ontwikkel, wat hulle interaksies is met andere, asook hulle vermoë om vryelik in die wêreld om te gaan.

In die hoofstuk "Shame and gender" ontleed Bartky (1990:85) die gender-dimensies van die verskynsel skaamte. Sy vind dat vroue meer geneig is tot skaamte as mans, en dat sulke skaamte manifesteer as 'n tipe psigiese angs, omdat vroue deur sosiale druk

aangemoedig word om te voel dat hulle inherent minderwaardig of defektief is. Volgens Bartky is hierdie skaamte nie noodwendig verbind aan enige spesifieke insident in vroue se lewens nie. Dit is eerder 'n "perpetual attunement, the pervasive affective taste of life" (1990:96) in 'n seksistiese samelewing wat vroulike liggaamlikheid as veragtelik konstrueer. Bartky se beskrywing van die gevolge van skaamte herinner sterk aan die voorstelling van die vroulike karakters se gevoel oor hulle hare in die tekste onder bespreking. Sy wys hoe skaamte lei tot die impuls tot "cringing withdrawal from others; the cringing within, this felt sometimes as a physical sensation of being pulled inward and downward; the necessity for hiding and concealment" (Bartky 1990:86).

In Wicomb se "When the train comes" (1987:21–35) beskryf Frieda die interaksies tussen 'n groep jongmense wat met skynbaar onskadelike flirtasie begin, maar wat dan onttaard in die vernedering van 'n meisie. Die vernedering word duidelik gekoppel aan die meisie se bestaande kwesbaarheid oor die voorkoms van haar hare. Wanneer die meisie die "chiffon headscarf that threatens to slip off" (25) regskuif, sien die seuns onmiddellik dat die kommer oor haar hare haar kwesbaar laat en 'n "pimply boy crows at his advantage". Hy ruk die serp van haar kop af en terwyl sy smeek dat hy dit teruggee, verklap haar lyftaal die geweldige skaamte oor haar hare wat nou onbloom is: "Her arm is raised protectively over her head, the hand flattened on her hair" (25). Haar gebare lyk na dié van 'n persoon wat 'n fisieke aanval verwag. Terwyl sy haar gesig wegsteek in haar geboë arm, koggel die seuns haar uit met die vrae: "You want your doekie? What do you want it for hey, come on tell us, what do you want it for? What do you want to cover up?" (26). Vir Frieda, wat hierdie episode van 'n afstand af aanskou, word die meisie se skaamte dadelik op haar eie liggaam geprojekteer. Frieda is reeds sensitief oor haar gewig, en wanneer een van die seuns in haar rigting kyk, voel sy haar "body swelling out of the dress rent into vertical strips that fall to my feet" (27), maar haar groot vrees is dat die wind ook haar hare sal ontbloom tot die seuns se vermaak, en sy dink die "wind will surely lift off my hair like a wig" (27).

Fredrickson en Roberts (1997:180) voer aan dat "significant portions of women's conscious attention can often be usurped by concerns related to real or imagined, present or anticipated, surveyors of their physical appearance". Wanneer Frieda aan haar vader noem dat die seun "insolently" na haar kyk, meen hy dat sy haar verbeel en maan haar: "Don't be silly. You couldn't possibly tell from this distance" (27).

Skaamte lei tot die kragtige begeerte om weg te kruip, om te ontsnap van die pynlike blik van andere, of om eenvoudig weg te raak. Hierdie impulse gaan dan ook gepaard met gevoelens van waardeloosheid en magteloosheid (Fredrickson en Roberts 1997:181; sien ook Lewis 1992 en Tangney, Miller, Flicker en Barlow 1996).

#### 4. Voorkoms en klas

Terwyl vroue se voorkoms 'n manier kan bied om sosiale vooruitgang te maak, word dit ook gebruik as 'n maatstaf om mense se huidige klasposisie te beoordeel. In *Playing in the light* (Wicomb 2006) beskryf die verteller wat sy beskou as "nice coloured people" (128): diegene wat kwalifiseer as "nice" het "at least good hair". Hier is "nice" duidelik 'n verbloemende uitdrukking vir iemand van 'n aanvaarbare klas. Soos "goeie" of reguit hare, is 'n ligte vel ook 'n aanduiding van "ordentlikheid". Hierdie verbintenis word uitdruklik gemaak in die beskrywing van die "light-skinned, respectable Mrs Bates" (129). Wanneer Frieda vir 'n onwettige abortus gaan in "You can't get lost in Cape Town" (Wicomb 1987:63–81), sien die leser hoe ordentlikheid met witheid

geassosieer word: 'n bruin vrou word as ordentlik beskou in die mate waarin sy voldoen aan 'n wit voorkoms. Die vrou wat die aborsie verrig, sê vir Frieda dat sy 'n "respectable concern" (79) bestuur en dat sy "decent women" help. Volgens die vrou is ordentlikheid die uitsluitlike terrein van wit mense en sy meld met trots dat "[n]o Coloured girl's ever been on this sofa" (79). Frieda is egter vir die vrou aanvaarbaar en kan deurgaan as wit, omdat die vrou haar blind staar op Frieda se "educated voice" (78) en aksent. Uiterlike voorkoms is so 'n kragtige merker van aanvaarbaarheid dat dit skynbaar die voor die hand liggende feite ongedaan kan maak. Daarom is Frieda geskok oor die absurditeit van die vrou se aanname en wonder of sy blind is (78).

In *Kroes* (Stamatélos 2005) is Kay wel bewus van die invloedrykheid van voorkoms en wanneer "antie Mona" protesteer: "Ma Pettie is mos nie wit nie", antwoord Kay eenvoudig: "Maar, my antie, sy lyk wit" (212).<sup>1</sup>

Ook in "Behind the bougainvillea" (Wicomb 1987:105–24) word die Shenton-familie beskryf as "respectable Coloureds" (116) omdat hulle 'n Britse voorvader gehad het. Die herinnering aan hierdie voorvader "must be kept sacred" (116) en die gesin se klasposisie, wat spruit uit hulle verbintenis met witheid, moet gekoester word deur te waak teen "defile[ment] by associating with those beneath [them]" (116).

Nancy (Dido 2000) meld dat haar moeder, "nes baie bruin mense, eers na hare, velkleur en gelaatstrekke kyk voor hulle die mens raaksien" (120). Wanneer Nancy aan haar man, Bennie, erken dat sy eintlik van Xhosa-herkoms is, kan hy dit nie verstaan nie en vra: "Hoe kan jy 'n darkie wees as jy gladde hare en 'n ligte vel het?" (150). So trots soos die Shenton-gesin op hulle wit voorvader is, so skaam is Bennie oor Nancy se Xhosa-moeder. Nancy besef dit is omdat "Bennie voel nes [sy] tot gister gevoel het: Kleurlinge is beter as swart mense" (129).

In die hiërargie van rasse is die implikasie dat wit die hoogste rang beklee en swart die laagste een, met "kleurling"<sup>2</sup> iewers in die middel. Bennie se bewering dat een ras "beter" as 'n ander is, word gevorm deur 'n komplekse samevloeiing van aannames oor ras, klas en die moontlikhede van toegang tot sosiale en politieke mag. Dit blyk egter duidelik dat Nancy se uiterlike voorkoms, en die mate waarin hierdie voorkoms meer in ooreenstemming is met witheid as met swartheid, dit vir Bennie te moeilik maak om te aanvaar dat haar moeder 'n Xhosa was. Die werk wat vroue meestal in privaatheid doen om die tekstuur van hulle hare te "korrigeer", word nou deur Nancy onthul en sy probeer aan Bennie verduidelik: "My hare was nie altyd so nie. En was daar nie haarsalonne nie, sal dit ook nie nou so wees nie" (150). Bennie dring egter daarop aan dat Nancy nie "'n darkie [kan] wees nie", want sy "lyk nie soos 'n darkie nie" (150). Bennie se verwerping van Nancy na haar bekentenis is uiters brutaal, en dit word ook uitdruklik veroorsaak deur sy aannames oor swart mense en klas. Hy skree dat hy homself nie sal "verlaag om aan [haar] te raak nie", omdat sy "dit nie werd [is] nie". Hierdie aannames is nog meer tekenend wanneer hy haar die volgende toesnou: "Gaan bly tussen jou mense in die squatter camp in Crossroads. Jy hoort daar" (152). Die middelklasgebied waar hulle nou woon, is dus nie meer vir Nancy beskore nie.

Wanneer Pattie (Stamatélos 2005) uitvind dat haar vader by haar wil kom kuier, word haar opgewondenheid om hom weer te sien gedemp deur die besef dat sy vrou, antie Mona, hom sal vergesel. Pattie is skaam om haar stiefmoeder aan Laki voor te stel vanweë sowel haar kleur as haar klas. Sy dink by haarself: "Antie Mona is wrong!" want "sy is te donker" en sy sal dus nie inpas in die "wit gebied" waar Pattie woon nie (205). Sy waarsku herhaaldelik vir Laki: "Remember, my father's wife is dark and a little ... platvloers" (211). Die direkte vertaling van "platvloers" is "common" of

“vulgar” - Pattie maak dus ‘n baie uitdruklike verbintenis tussen Mona se donker velkleur en haar klasposisie. Dit blyk ook dat Pattie hierdie vervlegting van Mona se velskakering en haar klas met skaamte assosieer. Wanneer Laki nie verstaan wat “platvloers” beteken nie, verduidelik Pattie deur te sê Mona “can be a bit embarrassing” (211). Soos in die geval van Nancy (Dido 2000), maak Mona (Stamatélos 2005) se swartheid haar ongeskik om in die “ordentlike” wit gebied te woon waar Pattie bly en Laki moedig haar aan om eerder verblyf te reël by mevrou Soes se losieshuis, want “netnou tel [sy] moeilikheid op” (211). Alhoewel Laki deurgaans voorgestel word as ‘n simpatieke karakter wat wel lief is vir Pattie, onthul die roman tog krake wat suggereer dat hy rassistiese neigings het en dat Pattie reg is om bekommerd te wees oor wat hy van Mona sal dink.

Teen die einde van die roman word Pattie se broer, Stewie, met ‘n mes gestek in die “kleurling”-woonbuurt, Stofberg. Pattie noem aan Laki dat niemand nog deur die polisie aangekeer is in verband met die aanval nie en Laki vra of daar wit mense in die Stofberg-polisiekantoor werk. Wanneer Pattie antwoord dat daar nie wit mense daar werk nie, omdat dit in Stofberg is, sê Laki: “That is why” (246). Met hierdie stelling verklap hy die rassistiese aanname wat bekwaamheid met witheid verbind, terwyl onbevoegdheid as iets beskou word wat met donker velkleure gepaard gaan.

In ‘n artikel oor rasse-onderdrukking ondersoek Desmond en Emirbayer (2009:342) die “poisonous symbolic consequences” wat voortspruit wanneer mense op grond van ras geklassifiseer word. Hulle (2009:342) verduidelik dat daar die aanname bestaan dat wit mense agtermekaar, wetsgehoorsaam, moreel en intelligent is, terwyl mense wat nie wit is nie, minderwaardig, krimineel, onbetroubaar en dom is. Ten spyte van Laki se liefde vir Pattie wil dit voorkom asof hy nie immuun teen hierdie giftige simboliese oorblyfsels van rasseklassifikasie is nie. Na Laki se uitlating wat dit duidelik maak “hy vertrou nie die bruin mans in Stofberg se polisiestasie nie” (247), voel Pattie “soos iemand wat gif gedrink het” (249). Alhoewel sy herklassifiseer is as wit, skree sy op Laki: “Ek is bruin gebore en bruin sal ek vrek!” (249).

## 5. Slot

In sy artikel oor *Coconut* (Matlwa 2007) ondersoek Radithalo (2010:11) die identiteitskrisisse wat voorkom in die postapartheid-Suid-Afrikaanse konteks waar jong Suid-Afrikaners volgens hom “suffer from a debilitating sickness of whiteache, in which they do not wish to ‘pass for white’ but to ‘be white’”. Hy ontleed hoe die twee jong vertellers in *Coconut*, Ofilwe en Fikile, met groot moeite te werk gaan om hulle hare glad en reguit te hou en kom tot die gevolgtrekking dat hulle nastrewe van wit skoonheidsnorme as bewys dien van “alienation and an ingrained self-hatred” (Radithalo 2010:26).

Alhoewel die rassistiese nalatenskap van kolonialisme en apartheid ongetwyfeld bruin vroulike liggame as veragtelik gekonstrueer het, kan ‘n meer omvattende klem op gender- en klasverhoudings die leser ‘n meer genuanseerde blik op vroue se begrip van hulle voorkoms bied. Mama (1995:151) voer aan dat swart vroue wat hulle hare reguit maak, nie noodwendig wit wil wees nie – dit gaan eerder daarvoor dat hulle aantreklik wil wees, veral vir mans in ‘n rassistiese en patriargale samelewing wat skoonheid met blonde hare en blou oë oftewel met witheid vereenselwig. Die mate waarin mans steeds die meeste sosiale, ekonomiese en politieke mag besit, beteken dat vroue se aantreklikheid wel saak maak in terme van die geleentheid om hulle lewensomstandighede te verbeter.



Die tekste wat in hierdie artikel ontleed word, wys dat vroue dikwels eenvoudig nie kan bekostig om hulle voorkoms as onbelangrik te beskou nie. Die vroulike karakters se toe-eiening van wit skoonheidsstandaarde is egter nooit onproblematies nie, en kan nie eenvoudig toegeskryf word aan 'n begeerte om wit te wees nie. Hierdie artikel illustreer hoe die snypunte van gender, ras en klas, asook die gepaardgaande magsverhoudinge, in die Suid-Afrikaanse samelewing spesifieke tipes druk op vroue uitoefen en dat voorkoms vir vroue 'n ruimte kan bied waarbinne hulle 'n greintjie verandering in hulle lewensomstandighede teweeg kan bring.

## Bibliografie

- Abrahamsen, R. 2003. African studies and the postcolonial challenge. *African Affairs*, 102(407):189–210.
- Adam, I. en H. Tiffin (reds.). 1990. *Past the last post. Theorizing post-colonialism and post-modernism*. Calgary: University of Calgary Press.
- Ashcroft, B., G. Griffiths en H. Tiffin (reds.). 1995. *The postcolonial studies reader*. Londen: Routledge.
- Bartky, S.L. 1990. *Femininity and domination: Studies in the phenomenology of oppression*. New York: Routledge.
- Berger, J. 1972. *Ways of seeing*. Londen: Penguin.
- Boonzaier, E. en J. Sharp (reds.). 1988. *South African keywords: The uses and abuses of political concepts*. Kaapstad: David Philip.
- Carusi, A. 1990. Post, post and post. Or, where is South African literature in all this? In Adam en Tiffin (reds.) 1990.
- Chapkis, W. 1986. *Beauty secrets: Women and the politics of appearance*. Londen: The Women's Press.
- Dash, P. 2006. Black hair culture, politics and change. *International Journal of Inclusive Education*, 10(1):27–37.
- Davis, K. 2006. Beauty and the female body. In Marshall (red.) 2006.
- Desmond, M. en M. Emirbayer. 2009. What is racial domination? *Du Bois Review*, 6(2):335–55.
- De Villiers, H. 2003. 'n Stringetjie blou krale (E.K.M. Dido): Kulturele identiteit en hibriditeit in 'n postapartheidskonteks. *Stilet*, XV(1):167–79.
- Dido, E.K.M. 2000. *'n Stringetjie blou krale*. Kaapstad: Kwela.
- Erasmus, Z. 1997. "Oe! My hare gaan huistoe!": Hair-styling as black cultural practice. *Agenda*, 32:11–6.

- . 2001. Introduction: Re-imagining coloured identities in post-apartheid South Africa. In Erasmus (red.) 2001.
- . (red.). 2001. *Coloured by history, shaped by place: New perspectives on coloured identities in Cape Town*. Kaapstad: Kwela.
- Fredrickson, B.L. en T. Roberts. 1997. Objectification theory: Toward understanding women's lived experiences and mental health risks. *Psychology of Women Quarterly*, 21:173–206.
- Gerwel, G.J. 1983. *Literatuur en apartheid. Konsepsies van "gekleurdes" in die Afrikaanse roman tot 1948*. Kasselsvlei: Kampen.
- Goffman, E. 1963. *Stigma: Notes on the management of spoiled identity*. New Jersey: Prentice Hall.
- Gouws, A. 2006. Waarom die lyflike nie ontken kan word nie. *Die Burger*, 3 Augustus, bl. 10.
- Greer, G. 1999. *The female eunuch*. Londen: Flamingo.
- Hill Collins, P. 1991. *Black feminist thought*. New York: Routledge.
- Hunter, M.L. 2002. "If you're light you're alright": Light skin color as social capital for women of color. *Gender and Society*, 16(2):175–93.
- Jacobs, R. 2006. *My father's orchid*. Roggebaai: Umuzi.
- Lewis, M. 1992. *Shame: The exposed self*. New York: Free Press.
- Mama, A. 1995. *Beyond the masks*. Londen: Routledge.
- Marais, M. 2005. Bastards and bodies in Zoë Wicomb's *David's story*. *Journal of Commonwealth Literature*, 40(3):21–36.
- Marshall, P.D. (red.). 2006. *The celebrity culture reader*. Londen: Routledge.
- Matlwa, K. 2007. *Coconut*. Auckland Park: Jacana.
- Peiss, K. 1990. Making faces: The cosmetics industry and the cultural construction of gender, 1890-1930. In Ruiz en DuBois (reds.) 1994.
- Raditlhalo, T.S. 2010. An indefensible obscenity: Fundamental questions of be-ing in Kopano Matlwa's *Coconut*. *Imbizo*, 1:19–38.
- Ruiz, V.L. en E.C. DuBois (reds.). 1994. *Unequal sisters: A multi-cultural reader in U.S. women's History*. Londen: Routledge.
- Stamatélos, P. 2005. *Kroes*. Kaapstad: Kwela.
- Synnott, A. 1987. Shame and glory: A sociology of hair. *The British Journal of Sociology*, 38(3):381–413.

Tangney, J.P., R.S. Miller, L. Flicker en D.H. Barlow. 1996. Are shame, guilt, and embarrassment distinct emotions? *Journal of Personality and Social Psychology*, 70:1256–69.

Viljoen, L. 1996. Postkolonialisme en die Afrikaanse letterkunde: 'n Verkenning van die rol van enkele gemarginaliseerde diskoerse. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 3(2):158–75.

West, M. 1988. Confusing categories: Population groups, national states and citizenship. In Boonzaier en Sharpe (reds.) 1988.

Wicomb, Z. 1987. *You can't get lost in Cape Town*. Londen: Virago.

—. 2006. *Playing in the light*. Roggebaai: Umuzi.

—. 2008. *The one that got away*. Roggebaai: Umuzi.

Wolf, N. 1991. *The beauty myth: How images of beauty are used against women*. New York: Vintage.

Worden, N. 1994. *The making of modern South Africa: Conquest, segregation and apartheid*. Oxford: Blackwell.

Zegeye, A. 2003. A matter of colour. In Zegeye en Harris (reds.) 2003.

Zegeye, A. en R. Harris (reds.). 2003. *Media, identity and the public sphere in post-apartheid South Africa*. Leiden: Brill.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Die karakter se naam is Pattie. Sommige van die ander karakters spreek egter hierdie naam uit as "Pettie". Ek volg telkens die betrokke karakters se spelvoorkeure na.

<sup>2</sup> *Kleurling* is uiteraard 'n sensitiewe term in die Suid-Afrikaanse konteks. Ek gebruik aanhalingstekens om aan te dui dat ek bewus is van die kompleksiteit van hierdie term. Die woord word egter hier gebruik omdat dit in Dido se teks voorkom. Verskillende skrywers en teoretici het verskillende voorkeure in hierdie verband. Gerwel verkies byvoorbeeld die term *gekleurd* (1983). Vir 'n bespreking van die term sien ook Zegeye (2003).